View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Stellenbosch University SUNScholar Repository

# "Alle kaarte op die preek?"

NGTT DEEL 55, NR 3 & 4, 2014

**Cilliers, Johan**
Universiteit Stellenbosch

## ABSTRAK

In hierdie artikel word kortliks gelet op drie grondlyne van die Reformasie, naamlik die *vertroosting* van die beangste mens tydens die laat Middeleeue, die hunkering na *vryheid* en die behoefte aan fundamentele *verandering*. Dit word opgevolg met 'n uiteensetting van die sakramentele verstaan van die reformatoriese prediking, en die bevraagtekening hiervan in die huidige tydvak. Aan die hand van 'n *sakramenteel-profetiese perspektief* op die prediking, word drie homiletiese kontoere vir prediking in ons tyd getrek, naamlik sakramenteel-profetiese prediking as *bevestiging, onderbreking* en *pro-formasie*. Ten slotte word enkele suggesties gemaak oor die vraag of ons (nog) "alle kaarte op die preek" kan of moet plaas.

## ABSTRACT

### "All cards on the sermon?"

This article briefly discusses three key notions of the Reformation, namely the *comforting* of anxious people during the late Middle Ages, the longing for *freedom,* and the need for fundamental *transformation.* This is followed by an exposition of the sacramental understanding of preaching within the Reformation, and the contemporary critique thereof. By means of a *sacramental-prophetical perspective* on preaching, three homiletical contours are drawn for preaching in our times, namely *affirmation, interruption,* and *pro-formation.* The article is concluded with some suggestions on the question whether we should or could still place such a decisive emphasis on preaching.

**TREFWOORDE**
*Reformasie, Homiletiek, Martin Luther, Desmond Tutu, Sakramenteel-profetiese prediking*

**KEY WORDS**
*Reformation, Homiletics, Martin Luther, Desmond Tutu, Sacramental Prophetic Preaching*

**KONTAKBESONDERHEDE**
Prof Johan Cilliers
Professor in homiletiek en liturgiek, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch
Privaatsak X1, Matieland, Suid-Afrika, 7602
jcilliers@sun.ac.za


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

## 1. REFORMASIE?

Wat beteken "Reformasie"?[1] Dit is dit geen eenvoudige vraag om te beantwoord nie.[2] In een van sy tafelgesprekke verwys Martin Luther na die magspel van die kerk van sy tyd, en verklaar hy – waarskynlik met 'n vonkel in die oog:

> God het 'n mooi, heerlike, en heel kragtige kaartspel van ydel magtiges, grote here soos keisers, konings, vorste bymekaargebring, en laat die een die ander daardeur troef. Ek sou van vele voorbeelde daarvan kon vertel, wat net in ons tyd plaasgevind het. Die pous word nou al vir etlike honderde jare as die hoogste hoof van die kerk beskou; as hy slegs met sy vinger gewink het, dan het keisers, konings, vorste hom gevrees, hulle verootmoedig en voor hom gebuig. Hy was dus 'n heer oor alle here, 'n koning oor alle konings op aarde, ja 'n aardse god. Maar toe kom onse Here God en troef die pous só met 'n "Joker" (bedoelende: Luther self), dat hy dáár lê. Dit is onse Here God se wyse van regeer, soos Maria in die Magnificat sing: *Deposuit potentes:* Hy versit magtiges vanaf hulle stoel.[3]

Dalk het Luther hiermee sy eie metaforiese "definisie" van die Reformasie gegee: *God wat die kaarte van die kerk kom omkrap!*

---

1 Met hierdie term het ek die breë beweging van Protestantisme in die oog, en beperk ek my nie net tot die bydraes van Johannes Calvyn nie.

2 So lank terug al soos 1952 herinner WH van de Pol ons aan die verskillende variante van "gereformeerdheid": die ortodokses, die eties-metodiste, die teonomiste, die katolieke (sic!), die sektariese, die humaniste, ens. Hierdie lysie sou waarskynlik ruim aangevul kon word. WH van de Pol 1952. *Karakeristiek van het Reformatorische Christendom*. Roermond, 40 ev. Vgl ook Pieter N Holtrop, Frits de Lange, Riemer Roukema 2004. "Protestants and their passion. Introduction." *Passion of Protestants,* Ed Pieter N Holtrop, Frits de Lange, Riemer Roukema. Kampen: Kok. 2.

3 Vry vertaal uit Martin Luther 1883. *Weimarer Ausgabe*. Baden-Baden: Heitz. TR 6/ 6545: "Gott hat ein schön, herrlich und sehr stark Kartenspiel von eitel mächtigen, grossen Herren als Kaiser, Königen, Fürsten zusammen gelegen; schlägt einen mit dem andern. Davon ich viel Exempel erzählen könnte, die allein zu unser Zeit geschehen sind. Der Papst ist nu etliche hundert Jahr fur das öberste Häupt in der Christenheit gehalten; wenn er nur mit einem Finger gewinkt hat, so haben sich fur ihm Kaiser, Königen, Fürsten müssen fürchten, demüthigen und bücken; ist also ein Herr uber alle Herrn, ein König uber alle Könige auf Erden, ja ein irdischer Gott gewesen. So kommt unser Herr Gott und schlägt mit dem Taus (dem Luther) den Papst, den grossen König, dass er da liegt. Das ist unsers Herrn Gottes Regiment, wie Maria in Magnificat singt: Deposuit potentes: er setzt Gewaltigen vom Stuel."

Wat beteken "Reformasie"? Verskeie pogings is al oor eeue heen aangewend om groter helderheid hieroor te vind, en die debat blyk nog nie by sy einde te wees nie.[4] 'n Mens kan, by wyse van spreke, óf die klem laat val op (die detail van) enkele bome in die woud, en dan die woud miskyk, óf jy kan die klem laat val op die (algemene) woud, en dan die bome miskyk.[5] Binne die beperkings van hierdie artikel fokus ek egter nie soseer op detail óf die algemene nie, maar wil ek eerder, baie bondig, 'n paar basiese beddings[6] aandui waaruit die Reformasie, of ten minste enkele bome van die Reformatoriese woud, ontspring het. In die lig hiervan waag ek dan om 'n paar kontoere aan te dui wat ons sou kon navolg– veral ook in ons nadenke oor die huidige waarde en rol van prediking.

Eerstens: dit is 'n bekende feit dat die Reformasie onder andere 'n uitvloeisel is van wat al genoem is die *krisis van die laat Middeleeue.*[7] Trouens, "krisis" bied volgens sommige die *heuristiese sleutel* tot die verstaan van die konteks van die Reformatore.[8] Alhoewel ons versigtig moet wees om nie die gees van hierdie tydvak – die woud – te veralgemeen nie, en sommige historici daarop wys dat dit ook 'n tyd van vele triomfe van die menslike gees was, met merkwaardige spronge in menslike ontwikkeling, beskryf ander weer hierdie epog as deurdronge van *eksistensiële onsekerheid en angs.*[9] Ons sou hierdie angs kon beskrywe as 'n tipe oorlewingsangs; 'n angs om

4 Die bedoeling is dus nie hier om 'n historiese lesing oor die Reformasie aan te bied of om 'n *essensialistiese* "definisie" te verwoord nie. Die mees algemene beskrywings van wat Reformasie beteken handel gewoonlik oor die bydraes van historiese figure soos Calvyn, Luther, Zwingli, of oor die sola's (scriptura, fide, Christus), ensovoorts. Dit is ook 'n feit dat die Reformasie verskillend in verskillende kulture geïnterpreteer is – in Suid-Afrika het Calvyn byvoorbeeld 'n eiesoortige resepsiegeskiedenis gehad. Vgl DJ Smit, "Views on Calvin's Ethics: Reading Calvin in the South African Context," *Reformed World,* 57/4 (2007:306-344). Ook gepubliseer onder die titel: "Views on Calvin's ethics from a South African perspective" in Smit, DJ 2009. *Essays on Being Reformed* (ed. Robert Vosloo). Stellenbosch: Sun Media. 1-34.

5 Vgl Scott H Hendrix 2004. *Recultivating the Vineyard. The Reformation Agendas of Christianization* Westminster: John Knox. xv.

6 Carter Lindberg praat van "thresholds and footholds", in *The European Reformations*. 2006. Malden USA: Blackwell Publishing. 25. Die laat Middeleeue vorm volgens hom tegelykertyd die deurgang na, en basis van, oftewel drumpel en vastrapplek vir, die Reformasie.

7 Lindberg praat van "a crisis of symbols of security", en is van mening dat: "Traditional values and certainties were under fire and new ones had not yet been found.", Lindberg, *The European Reformations,* 25.

8 Vgl Lindberg, *The European Reformations,* 24.

9 Vgl Hendrix, *Recultivating the Vineyard,* 1-35.

 2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

’n bestaan te maak in die konteks van byvoorbeeld feodale en kerklike magte wat mense se individualiteite oorstyg het. Die mees fundamentele angs van hierdie tyd was, soos waarskynlik oor alle tye heen, die angs om te sterf, die gedagte dat die dood oënskynlik wel die laaste woord sou spreek – ’n verstaanbare sentiment, omdat die lewensverwagting van die mense in daardie stadium laag was.[10] Kortweg gestel: die lewe was tot ’n groot mate deurdronge van ’n *eksistensiële vernietigingsbesef,* ’n besef dat alles in die niet kan verdwyn, ’n besef van kortstondigheid en magteloosheid teenoor outoritêre kragte, ’n angs om uitgelewer te wees aan magte buite ’n mens se beheer.[11]

Christene het wel geweet van ’n “lewe ná die dood”, maar dan dikwels in apokaliptiese terme, mens sou kon sê tussen die vuur en die duiwel.[12] Die Middeleeuse *wêreldbeeld* dra by tot ’n apokaliptiese stemming, met die geloof in, en ervaring van ’n demone-realiteit wat mense van die wieg tot die graf sou begelei. “Sin, death, and the devil loomed large on the stage of late medieval life and mentality.”[13] Die lewe word ’n stryd, ’n wroeging – waarvan die uiteinde onseker is, en wat bydra tot ’n neerdrukkende lewensinstelling.[14]

Die *antropologie* wat in hierdie tyd gefunksioneer het, was anders as dié van vroeër, antieke tye.[15] Vir die mense van die antieke tyd was dit gerusstellend om te weet dat die siel vrede kan vind (*anima in pace*). In die Middeleeue verander dit: die siel ly

---

10 Geraam op ongeveer 40 jaar. Bydraende faktore hier was gebeurtenisse soos die Swart Dood (builepes), gebrekkige mediese wetenskap, hongersnood, sekere bygelowige praktyke, ens. Vgl Lindberg, *The European Reformations,* 24-34.

11 Vgl Ekkehardt Mühlenberg 1991. *Epochen der Kirchengeschicte*. Wiebelsheim: Quelle & Meyer), 30 ev.

12 “Catholocism at the end of the Middle Ages was in large part a cult of the living in the service of the dead.” Selfs die vagevuur is verstaan as ’n “tweede kans”, as “genadetyd” om reg te maak vir die ewigheid, omdat ’n mens se tyd op aarde so kort was – dus ’n soort meganisme om tyd te wen voor die eindoordeel. Lindberg, *The European Reformations,* 32.

13 Lindberg, The European Reformations, 24.

14 Lindberg haal vir Eustache Deschamps as volg aan: “Age of tears, of envy, of torment … Age of decline nigh to the end.” Lindberg, *The European Reformations*, 24. Paradoksaal gesproke was die tyd van die Reformasie egter ook die tyd van ’n nuwe kultuuroptimisme met die opkoms van die nieu-klassisisme en nasionale state.

15 Die Middeleeue word meestal gesien as die periode tussen 500 en 1500 na Christus, met die “antieke tye” as voorafgaande hieraan. Vir ’n uitgebreide bespreking van die kompleksiteite van sodanige tydsindelings, vgl Colin Platt 1985. *The Atlas of Medieval Man*. London: Peerage Books. 7ev.

(*anima patiens*).[16] Die Reformatore kon sterk hierby aansluiting vind – om die laat Middeleeuse mens in sy en haar wroeging weer *vrede en troos* te laat ervaar.[17]

Dit is egter belangrik om te weet dat die Reformatore hierdie troos nie bloot as ’n individuele saak gesien het nie. Luther se siening van troos lui byvoorbeeld: per *mutuum colloquium et consolationem fratrum.*[18] Kommunale troos (*mutuum colloquium*) is volgens Luther een van die wesenlike verantwoordelikhede wat deur die evangelie self aan die kerk toevertrou word. Troos word ook nie beperk tot die elite nie, maar moet uitdrukking vind in die alledaagse bestaan, waar gelowiges mekaar aanmoedig en vertroos. Die *mutua consolatia fratrum* moet dus nie verstaan word as die onttrekking uit die wêreld deur ’n paar heilige mense nie, maar vind plaas in die midde van openbare verhoudings. In hierdie sin word troos ook nie net beperk tot die kerk nie, maar sprei dit uit tot almal, en dus ook tot in die sosiale en politieke sfere van die menslike bestaan.[19]

Benewens die feit dat hierdie troos kommunaal van aard was, was dit ook ingebed in ’n spesifieke skeppingsleer. Dit is opvallend dat Calvyn byvoorbeeld nie sy invloedryke *Institusie* begin met die soteriologie nie, maar met *die skeppingsleer:* God se verhouding met die skepping, en gevolglik ook ons plasing in die skepping. Hiermee word alle vorme van bygeloof en magie afgewys; die wêreld word as’t ware aan mense teruggegee, maar *coram deo.*[20] By alle hunkering na die hemel, word die aarde dus herwaardeer as ons woonplek – wat steeds deur die Skepper-God onderhou en gedra word.[21] Ook Martin Luther kon aangrypend hieroor skryf:

16 Muhlenberg, *Epochen der Kirchengeschicte,* 42 ev.

17 Dit was ’n direkte uitvloeisel van die Reformatoriese verstaan van die versoeningsleer. Vir ’n oorsig, vgl HD McDonald, Models of Atonement in the Reformed Theology, in *Major Themes in the Reformed Tradition.* Ed Donald K McKim (1998. Eugene OR: Wipf and Stock Publishers). 117-131. Die bekende eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus (1563) sou ook as ’n uitvloeisel van hierdie Reformatoriese grondlyn verstaan kon word: *Wat is my enigste troos in lewe en sterwe?*

18 Vgl J Henkys se bespreking van hierdie formule, in *Seelsorge und Bruderschaft*. 1970. Stuttgart: Calwer). 7 ev.

19 Henkys, Seelsorge und Bruderschaft, 37.

20 Vgl John Calvin 1960. *Institutes of the Christian Religion*. Ed John T McNeill. Translated by Ford Lewis Battles. 2 vols. Philadelphia: Westminster. 3/16/6-9.

21 Dit is ’n interessante vraag of hierdie sentimente nie in die Suid-Afrikaanse interpretasie van byvoorbeeld Calvyn onderspeel is nie. Ernst Conradie wys daarop dat die Suid-Afrikaanse weergawe van Calvyn groot klem plaas op die soteriologie, maar gebrek ly aan ’n ontwikkelde skeppingsleer. Hy voer aan: “The relationship between creation and salvation is especially important in the reformed tradition since this is so often


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

God die Vader het die skepping deur sy Woord begin en volbring, en Hy onderhou dit ook nog deur dieselfde Woord. Hy bly by sy handewerk … As God sy hand sou terugtrek, sou huis en haard en alles gou op ’n hoop uitmekaarval. Al die engele en mense se krag en wysheid sou dit nie kon regkry om die skepping een oomblik in stand te hou nie. Die son sou nie lank in die hemel bly skyn het nie, geen kind sou gebore word nie, geen koringkorreltjie, grassie of enigiets anders sou uit die aarde uitspruit of vernuwe word nie, as God dit nie bly onderhou het nie … Indien die Skepper sy hand vir ’n oomblik sou terugtrek, sou alles gou uitmekaarbreek en vergaan … As Hy ons, wat deur Hom geskep is, nie onderhou het nie, dan het ons lankal, ja al in die wiegie en in die geboorte, gesterf en vergaan.[22] Hierin, onder andere, kon die beangste mens van die laat Middeleeue *troos* vind.

Tweedens: ’n Mens sou waarskynlik met reg die Reformasie ook as ’n herontdekking van *vryheid* kon verstaan.[23] Hierdie vryheid kom egter deur die werking van die Gees deur ’n Bybelse *teks,* waarin die goeie nuus van die evangelie gehóór word. Reformatore soos Martin Luther het hulle wel fel verset teen die humanistiese vryheidsopvatting van byvoorbeeld Erasmus – maar dan skryf Luther self een van die juwele uit die tyd van die Reformasie, getiteld: *Die vryheid van ’n Christen.* Een van die bekendste uitsprake hierin lui: “’n Christen is ’n volkome vrye heer oor alle dinge, aan niemand onderworpe nie. ’n Christen is ’n volledig diensvaardige slaaf van almal, aan almal onderworpe.”[24] In *Die Vryheid van ’n Christen* herinterpreteer

distorted, perhaps against the deepest intuitions of reformed theology. In Protestant theology there has been a long-standing tendency to marginalise the theme of creation and to regard it merely as a stage, the ‘theatre of his gory’ (Calvin), on which the drama of God’s salvific interaction with human is being played out.” Ernst Conradie, *Calvin on creation and salvation: Some reflections from within the South African context.* Voordrag gelrewer by ’n konferensie oor “Calvin’s relevance for today”, Stellenbosch Universiteit, 30 Augustus – 2 September 2009, 2. Ongepubliseerd. Dalk hang hierdie onderbeklemtoning saam met ’n dikwels eksklusiewe fokus op *ekklesiologie* in die teologiese opleiding, die verset teen ’n *natuurlike teologie* ná die ervaring van apartheid, met ’n gevolglike klem op die *Skriev.* Dalk kan hierdie verskraling ook toegeskryf word aan ’n dominante, piëtistiese verstaan van verlossing – wat toegeskryf sou kon word aan die onmiskenbare invloed van die Skotse piëtisme in Suid-Afrika, met Andrew Murray as die bekendste eksponent daarvan.

22 Vry vertaal uit Martin Luther, *Weimarer Ausgabe,* 46/ 558 ev.

23 Cev. Albrecht Grözinger 2008. *Homiletik. Lehrbuch Praktische Theologie.* München: Gütersloher Verlagshaus. 55-57.

24 Vry vertaal uit Luther, M 1910. “Ninety-five theses: address to the German Nobility concerning Christian liberty”. In *The prince, by Niccolo Machiavelli, Utopia, by Sir Thomas More, Ninety-five theses: address to the German nobility concerning Christian*

Luther vryheid as ons menslike deelname aan Christus en voer hy aan dat verlossing nie uit ons verdienste kom nie, maar ook nie net bedoel is vir ons "siele" nie.[25] Die vryheid van verlossing raak die gemeenskap, en het dus sosiale implikasies – ons is inderdaad vry *van* (sonde, dood, duiwel), maar ook vry vir diensbaarheid aan almal. Vryheid word (deel van) ons identiteit.

Calvyn wy, benewens in talle ander geskrifte, gloeiende bladsye van sy Institusie aan die Christelike vryheid.[26] Kort na die Bartholomeüsnag verskyn byvoorbeeld wat bekend sou word as die *Trilogie van Vryheid* – een daarvan geskryf deur Theodore Beza, Calvyn se opvolger. Duidelik was vryheid 'n sleutelkonsep vir die Reformasie, maar dan 'n spesifieke verstaan van vryheid as 'n nuwe werklikheid *in Christus.*[27]

Derdens: die Reformatore was vas oortuig daarvan dat die realiteit deur God se Woord *verander* kan word. Trouens, een van Luther se geliefkoosde uitdrukkings was: Die Woord van God kom om ons te verander (*sermo Dei venit mutaturus*).[28] Prediking wat dan ook nie werklike verandering bewerkstellig het nie, was vir hom nie prediking *van die Woord nie.* Hierdie verandering (*mutatio*) is nie gelyk te stel aan die restourasie van die oue nie, maar behels 'n wesenlike herskepping tot iets nuuts. Hieroor was daar by Luther – en trouens ook die ander Reformatore – geen twyfel nie: God se Woord is nie 'n teorie of begrip wat jy kan beredeneer op 'n vryblywende manier nie, aangesien God self in die Woord werksaam is. In hierdie *transformerende karakter* van die Woord word die Reformatoriese Skrifbeskouing waarskynlik op sy beste saamgevat: in die Woord ontmoet ons die *Persoon van die sprekende God* op só 'n manier dat ons daardeur daadwerklik verander word.[29]

---

*Liberty, by Martin Luther.* The Harvard Classics, Vol. 36. New York: PF Collier & Son. 353-397.

25 Luther, *Concerning Christian Liberty,* 353.

26 Vgl Calvin, *Institutes,* 3/19.

27 Vgl die merkwaardige uitspraak van Karl Barth in hierdie verband: "Calvin has done more for the sake of freedom than all predecessors of modern doctrine of freedom in his time together." Karl Barth, *Church Dogmatics. 1/ 2.* Ed GW Bromiley, TF Torrance (1963. Edinburgh: T&T Clark). 748.

28 Vgl Luther, *Weimarer Ausgabe*, 18:626 ev

29 Vgl Johan Cilliers, Skrifbeskouing en oorredingsretoriek: Perspektiewe op performatiewe prediking. *Acta Theologica,* 2009, 29 (1), 1-16. Daarmee word nie gesê dat die Skrif in Reformatoriese denke meganies of outomaties werk nie, eerder sakramenteel. Die Skrif funksioneer nie as blote voorbeeldboek (*exemplum*) nie, maar as Boek wat die verlossing daad-werklik uitspreek (*sacramentum*). Luther het inderdaad baie sterk hieroor gevoel, en waarsku meermale daarteen dat 'n mens nie die verhale en figure van die Bybel, helaas ook vir Jesus, in 'n Moraal of Voorbeeld verander wat nagemaak

Dus: vertroosting, vryheid, verandering. ’n Mens sou waarskynlik kon aanvoer dat hierdie drie grondlyne van die Reformasie op *algemeen menslike behoeftes* dui, en dus nie net beperk kan word tot die era van die Reformasie nie.[30] Uiteraard sal die historiese detail waarbinne hierdie behoeftes figureer, by tye verskillend wees, maar die menslike behoefte aan vertroosting, vryheid en verandering, is blywend van aard. Die *krisis* wat uit hierdie behoeftes voortspring, is tydloos.[31]

## 2. AKTUELE PREDIKING?

Ons sou ook kon aanvoer dat *prediking* juis so ’n sentrale rol in die Reformasie ingeneem het, onder andere vanweë die krisis van die laat Middeleeue. Die prediking was ’n *respons* op die behoefte van vertroosting, vryheid, en verandering, en ook ’n *uitvloeisel* van die herontdekking, maar ook herinterpretasie van die troos, vryheid en veranderende krag van die evangelie. Vir Luther was die grondervaring van die Reformasie primêr die *ervaring van vryheid,* vryheid van sonde en skuld, vryheid egter ook van ekklesiale tirannie. Hierdie vryheid het troos gebring (en ook andersom), en hierdie vryheid het verandering bewerkstellig (en ook andersom). En veral van belang vir die prediking: hierdie vryheid was vir Luther eng met die Bybelse teks, en dus met taal verknoop.[32] Die taalgebeure van die prediking was vir hom ’n *teologiese realiteit,* waardeur troos, vryheid en verandering sakramenteel aan die hoorders bedien is. Niks kon meer “aktueel” as dit wees nie.

---

moet word nie. Dit lei volgens hom onvermydelik tot allerlei vorme van moralisme. Die Bybel vertel die verhale van die dade van die lewende God, maar op sò ’n manier dat dit verlossing bewerkstellig. Alleen wie hierdie sakramentele aard van die Skrif en dus van die evangelie van verlossing verstaan, kan (daarna) op ’n teologies verantwoorde wyse oor die aard en krag van Bybelse voorbeelde praat. Vgl Christoph Möller, *Seelsorgerlich predigen. Die parakletische Dimension der Predigt* (1983. Göttingen: Neukirchen). 23-29.

30 Daniël Louw verwys onder andere na die volgende algemeen menslike eksistensialia, oftewel menslike behoeftes: veiligheid, erkenning, versorging, waardering, intimiteit, vryheid, hoop, ondersteuning, vervulling van lewenspotensiaal, ens. Daniël Louw 2008. *Cura Vitae. Illness and the healing of Life*. Wellington: Lux Verbi.BM. 290.

31 Vgl Lindberg, *The European Reformations,* 25: “It may appear presumptuous to speak of the late medieval era as an era of crisis because crisis is not the prerogative of any single era … In this sense the Middle Ages have no more of a monopoly on crisis than we do.”

32 Dit hang ook saam met die aanbreek van die Gutenberg era. Vgl die bespreking hiervan in Lindberg, *The European Reformations,* 36-37.

Ook vir Calvyn was die prediking ’n sakrament van God wat reddend teenwoordig is: wanneer die evangelie in die Naam van God gepreek word, het Calvyn gesê, is dit God self wat aan die woord is. Hy sluit aan by Augustinus, wat van die woorde van die prediker as tekens van God se teenwoordigheid praat. In die prediking gebruik die Gees dié woorde om God se genade in mense se lewens te laat ingang vind. Calvyn druk sy sakramentele verstaan van die prediking as volg uit:

> God beweeg daarin (in die prediking) hemel en aarde. Wanneer die evangelie gepreek word, begin tegelykertyd met die stem van die prediker die heilige bloed van Christus te drup. Want dit (die prediking) is altyd inwyding van die weg tot God, wat voor die aangesig van die Vader steeds die bloed van Christus laat drup tot besprinkeling van hemel en aarde.[33]

Soos wat die brood en wyn tydens die nagmaal in die liggaam en bloed van Jesus verander, is dit die Gees wat die woorde van die prediker verander om as God se woord by die ore van die hoorders aan te kom.[34] Die krag van die prediking vind ons dus in die werk van die Gees. Volgens Calvyn moes enige prediker wat nie beskeie genoeg is om hiervan bewus te wees nie, dit liewer nie op die kansel waag nie!

In die Reformatoriese verstaan van die prediking kom God dus sélf na ons toe, is God sélf die Woord, die Skeppings- en Herskeppingswoord, wat nie alleen alles wat bestaan tot stand geroep het nie, maar ook die dooies tot lewe roep.[35] Deur die

33 Vry vertaal uit Calvin, *Institutes,* II.10.4; III.2.33; 24.1; IV.1.6; 11.1.

34 Calvyn het veral klem gelê op die geestelike, maar steeds *werklike teenwoordigheid* van Christus in die prediking, soos ook in die nagmaal. Vgl Dirk J. Smit, "… wahrhafte Teilhaber an der wahren Substanz des Leibes und Blutes Jesu Christi …" In *Johannes Calvin ökumenisch gelesen,* Hg André Birmelé; Wolfgang Thönissen (2012. Leipzig: Bonifatius). 71-96; ook Michael Welker, *Was geht vor beim Abendmahl?* (2004. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus). 90-102. Welker verklaar: "Jesus versetzt sich in seine Jünger hinein … Über den Kreis der Jünger hinaus wird der gekreuzigte und auferstandene Christus so über die Identifikation mit Brot und Wein gegenwärtig." Welker, *Was geht vor beim Abendmahl?,* 97. Dirk J Smit verwys ook na vyf dimensies can Christus se werklike teenwoordigheid: "Firstly, the living and *personal presence* of Christ through which believers are united with Christ, have communion with, and are engrafted into Christ. Second, Christ's *spiritual presence* – it occurs through word and Spirit and therefore through faith. Third, Christ's *sacramental presence*, i.e. his real and true presence is given through the signs of the sacrament. Fourth, Christ's *Eucharistic presence* and the believer's participation in the sacrament being integral to the sacramental presence, and finally, the believers' participation results in an *ecclesial presence* of Christ in the Church as his body. Dirk J Smit, "Beyond Augsburg: Calvin on the Real Presence of Christ in the Lord's Supper". *Lutheran Forum,* Vol 46/1, 2012, 44.

35 Joh 1:1-3; Rom 4:17.

 2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

prediking van dié Woord word ook die kerk gekonstitueer (as ’n *creatura verbi*), en word ons tot nuwe mense verander. Kortom: Dié Woord is ’n effektiewe Woord (*verbum efficax*); dié evangelie is vol belofte, wat ook in die prediking deur God self waar gemaak word.[36]

Die vraag is egter of hierdie spesifieke, sakramentele verstaan van die prediking nog water hou, oftewel “aktueel” is in ’n era van sekularisasie en veranderende maatskaplike, politieke en religieuse kontekste. Die voorafgaande, bondige beskrywing van die Reformatoriese uitgangspunte ten opsigte van Skrifbeskouing en prediking, verkeer vanweë verskeie faktore onder groot druk. In die meeste Westerse epistemologieë is daar naamlik nie werklik ruimte vir ’n subjek (God) wat ons op ’n transendente wyse “van buite af” (*extra nos*) benader en aanspreek nie. Hierdie wantroue in die transendente, wat eintlik al aangevoor is deur die Verligting en in besonder Immanuel Kant (1724-1804), het meegewerk tot die sterk *antroposentriese wending* wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in die teologie en ook homiletiek plaasgevind het, en ook in die sogenaamde era van postmodernisme sterk wortel geskiet het.[37] Die gedagte dat die waarheid, of God self, onder die woorde van die prediking tot ’n mens kom, is binne hierdie kennisleer, maar ook taalfilosofie, tot ’n groot mate ondenkbaar.

Terwyl Kant aangevoer het dat ons aan die een kant beelde van die werklikheid konstrueer en dus ook moet kritiseer, en, aan die ander kant dat die “werklikheid” as sodanig (*an sich*) as numinale werklikheid buite ons kennisvermoë lê en ons dus niks daaroor kan weet of sê nie, word veral ook in die postmodernisme aanvaar dat taal sy vermoë verloor het om “werklikhede” buite ons aan te dui. Daar word heeltemal afstand gedoen van normatiewe meester-narratiewe. Taal kan niks (meer) beteken

36 In die Reformatoriese verstaan van die prediking handel dit dus nie in die eerste plek bloot om woorde of ’n “boodskap” of selfs ’n teks nie, maar ’n Persoon: God selev. ’n Mens weet eintlik nooit vooraf wat in ’n preek gaan gebeur nie, omdat die *Wie* wat daarin gebeur, vrymagtig is. Waar hierdie *Wie* verkondig word, word bevestig dat hierdie uur, hierdie *kairos* onder die heerskappy van dié *Wie* staan. Prediking is die bevestiging dat die tyd, hiérdie tyd met sy angs en onsekerheid voor die aangesig van God afspeel, deur God onderhou word, en na God se toekoms gevoer word. Die prediking van die evangelie is daarom nie bloot ’n algemene waarheid of ’n pedagogiese leerstuk of ’n historiese mededeling of ’n psigologiese wysheid of ’n sosiale program nie, maar die uitroepteken oor die Heerskappy van God oor die ganse werklikheid.

37 Vgl HJC Pieterse, Hoe kom God aan die woord in die prediking? Die probleemstelling. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 2005, 20 (1), 77 -95.

nie.[38] Van taal, en dus prediking, as 'n sakramentele handeling in die bogenoemde sin van die woord, kan daar dus nie werklik meer sprake wees nie.

Of, uit 'n ander hoek gesê: indien ons "sakramentaliteit" wil verstaan as deel van ons teologiese (en dus ook homiletiese) poging om God se teenwoordigheid in verband te bring met die werklikhede van ons menslike bestaan, vra dit van ons 'n *herwaardering van die relasie tussen die misterie van God se teenwoordigheid (theos), en ons spesifieke horisonne van verstaanbaarheid (logos).*[39] Thomas Aquinas het reeds daarop gewys dat ons begrippe-sisteme (*logos*) nooit adekwaat genoeg is om die bestaan van God uit te druk nie – dus praat ons altyd by wyse van analogie (*proportium ad unum*) oor God.[40]

Indien ons postmodernisme positief wil beoordeel, sou ons ten minste kon aanvoer dat dit ons uitdaag om hierdie kreatiewe spanning tussen ons woorde, hulle betekenisse en die werklikheid te herbesoek, veral as ons in ag neem dat die neiging in moderne teologie dikwels was om die *logos* van (positiwistiese) verstaanbaarheid die dominante faktor in hierdie spannings-relasie te maak. Dit wil inderdaad voorkom asof *Theos* teruggekeer het om die dominansie van moderne *logos* te onderbreek en uit te daag.[41] Postmodernisme vra dus dat ons ook ons eie verstaan van "sakramentele prediking", veral as 'n taalgebeurtenis, krities sal bevraagteken.

Alasdair MacIntyre wys daarop dat kritiese bevraagtekening soos hierdie – wat by tye in die geskiedenis van alle tradisies voorkom – inderdaad 'n soort *epistemologiese krisis* vir daardie tradisie kan word.[42] Hoe tradisies egter reageer op sulke krisisse is

38 Vgl DJ Lose 2003. *Confessing Jesus Christ.* Preaching in a postmodern world. Grand Rapids, Mi: Eerdmans. 19.

39 In die woorde van David Tracy: "The history of theology is the history of the ever-shifting relationship between the reality of God and that divine reality as experienced and understood from within a *logos*, i.e., a particular horizon of intelligibility. The theologian is one who attempts the nearly impossible task of correlating *theos* and *logos*." David Tracy 1994. *On Naming the Present: God, Hermeneutics, and Church.* Maryknoll, NY: Orbis Books. 36.

40 Thomas Aquinas 1963. "Knowing and Naming God," in *Summa Theologia,* Vol. 3. London/New York. 65.

41 Vgl Daniël Louw, "Sacramental Presence within an African Context: Toward a *Theologia Africana* in Pastoral Theology." *The Presence of Transcendence. Thinking "Sacrament" in a Postmodern Age.* Ed Lieven Boeve and John C Ries 2001. Leuven: Peeters. 198.

42 Alisdair MacIntyre, "Epistemological Crises, Dramatic Narrative, and the Philosophy of Science," *The Monist* 60/4 (1977), 453-472. Ook gepubliseer in: 2006. *Alasdair MacIntyre: The Tasks of Philosophy, Selected Essays, Volume 1.* Cambridge: Cambridge University Press. 3-23.


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

volgens hom bepalend of daardie tradisie intellektuele volwassenheid en spirituele rypheid kan bereik, of nie. Die epistemologiese krisis word volgens MacIntyre veral dán akuut wanneer kritiek op die tradisie nie met rasionele antwoorde en beredenering uitgeklaar of ten minste hanteer kan word nie, maar die tradisie eerder stol in cliché en 'n patologiese teruggrype op, en verklewing aan, wat verby is. Wat daarenteen nodig is, reken MacIntyre, is verbeeldingryke, konseptuele innovasie en iets soos entrepreneuriese kreatiwiteit – wat wel nie alle bande met die geskiedenis van die tradisie verbreek nie, maar tog ook vooruit *ontdek*.[43] In sy woorde: "To have passed through an epistemological crisis successfully enables the adherents of a tradition of enquiry to rewrite its history in a more insightful way."[44]

Die Reformatoriese tradisie is waarskynlik tans (weer) in so 'n epistemologiese krisis. Die vraag is dus: *Hoe* moet ons oor die prediking dink, in 'n tyd van verskuifde en verskuiwende paradigmas? Moontlik help 'n herverstaan van prediking as *sakramenteel-profetiese getuienis* ons hiermee. Niemand minder nie as Paul Tillich het met sy poging om Protestantisme te beskrywe, juis die klem op "profetiese protes" laat val. In sy klassieke omskrywing van wat hy noem die "Protestantse Beginsel" verklaar hy: "Der Protestantismus bejaht die absolute Majestät Gottes und erhebt prophetischen Protest gegen jeden menschlichen – kirchlichen wie profanen – Anspruch auf absolute Wahrheit und Autorität."[45]

Die konsep "profetiese prediking" is – net soos die konsep "Reformasie" – egter nie eenduidig nie. Dit is duidelik dat profetiese prediking op 'n verskeidenheid van wyses beskryf sou kon word, in ooreenstemming met verskillende kulturele kontekste. Wat hier volg, is dus 'n eietydse poging om "profetiese getuienis" nader te omskryf.

## 3. PROFETIESE GETUIENIS?

Bogenoemde drie grondlyne van die Reformasie (vertroosting, vryheid, verandering) sou na my mening breedweg binne drie teologiese kategorieë verstaan en gekultiveer kon word, spesifiek ook met die oog op die prediking as sakramenteel-profetiese getuienis. Ek noem hierdie drie kategorieë *affirmasie, interrupsie,* en *pro-formasie.*

---

43 Alisdair MacIntyre 1988. *Whose Justice? Which Rationality?* Notre Dame: University of Notre Dame. 362.

44 MacIntyre, *Whose Justice? Which Rationality?*, 363.

45 "Protestantisme bevestig die absolute majesteit van God en spreek profetiese protes uit teen elke menslike aanspraak – ekklesiasties of sekulêr – op absolute waarheid en outoriteit." P. Tillich, "Prinzipien des Protestantismus", in *Der Protestantismus als Kritik und Gestaltung. Gesammelte Werke VII. 1962.* Stuttgart. 135.

Hierdie drie konsepte kan onderskei, maar nie geskei word nie, en ek stip dit hier slegs kortliks aan.

## Prediking as sakramenteel-profetiese bevestiging

Met hulle klem op vertroosting in ’n tyd van onsekerheid en angs, bevestig die Reformatore dat God hierdie wêreld nie verlaat of verwerp het nie. Die evangelie van Christus se inkarnasie, kruisdood, opstanding en inwoning deur sy Gees, is ’n duidelike bevestiging van God se blywende betrokkenheid by hierdie wêreld. Dawn Ottoni-Wilhelm sluit hierby aan en reken dat profetiese prediking ons ten minste aan die volgende herinner: “… the fact that God is compassionate, not deserting that which God has created; that God has made certain promises, expressing God’s enduring faithfulness; and that there are alternative manifestations of God’s inbreaking new world that can be discerned even in our darkest moments.”[46]

Prediking as profetiese bevestiging het dus ’n duidelik pastorale (vertroostende) dimensie. Daniël Louw omskryf hierdie “teologie van bevestiging” as volg:

> A theology of affirmation … seeks to deal with ontological issues that affect the status and identity of human beings … Affirmation theology describes signification and ascribes human dignity and subject particularity. It emanates from the ontological “Yes” in Christ to our human being (as demonstrated through Baptism and celebrated in the Eucharist) and is demonstrated in new patterns of pneumatic living (pneumatology and inhabitational theology).[47]

Die eerste vorm van “protes” wat prediking as sakramenteel-profetiese bevestiging dus sal aanteken, is téén enige ideologie of struktuur wat weier om te glo dat God nie (meer) meelewing met hierdie wêreld het nie, oftewel dat God nie (meer) sakramenteel aanwesig is nie. Hierteen mag en moet ons protesteer, ook in die derde millennium: dat die heelal koud en stom is, sonder ’n barmhartige God. Hierteen mag en moet ons protesteer: teen alle magte en mense wat mense se waarde en identiteit as *mense* in die gedrang bring. Hier staan ons, ons kan nie anders nie: God het vir hierdie wêreld, en die mense van hierdie wêreld, “ja!” gesê.

46 Dawn Ottoni-Wilhelm, “God’s Word in the World: Prophetic Preaching and the Gospel of Jesus Christ”, in *Anabaptist Preaching: A Conversation Between Pulpit, Pew & Bible,* ed. David B. Greiser and Michael A. King 2003. Telford, PA: Cascading Publishing House. 84-91.

47 Daniël Louw, *Cura Vitae,* 30.


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

In hierdie sin beteken Protestantisme nie net om téén iets of iemand te protesteer nie, maar om in ’n nuwe bestaanswyse te leef.[48] Protestantse prediking is gevolglik ook nie net teen dinge (soos in: ons protesteer!) nie, maar eerder ’n uitdrukking van ons nuwe bestaan in Christus. Om enige verleiding van so ’n stereotiperende *isme* (van ons-is-teen-alles) te ontkom, sou ons hierdie vorm van profeties-affirmatiewe protes ook *protestariese* prediking kon noem: prediking wat verklaar en bevestig wie ons voor God is. Protestaries beteken dan: hier staan ons (in Christus), *coram deo* – ons kan nie anders nie.

In Suid-Afrika, ’n multi-kulturele land by uitstek – en tot ’n groot mate nog soekend na ons “identiteit” – was ons in die onlangse verlede bevoorreg om “sakramenteel-profetiese” predikers soos hierdie te hê, byvoorbeeld Desmond Tutu, Allan Boesak, Beyers Naudé, en ander. Desmond Tutu – om slegs by een prediker te bly – het nooit moeg geword om te “bevestig” nie.[49] Hy het gereeld juis profeties-bevestigend geprotesteer op grond van die Godgegewe waarde en identiteit van mense, asook op grond van die waarde van die Suid-Afrikaanse, multi-kulturele “rainbow nation”.[50] Die titel van sy jongste publikasie onderstreep hierdie uitgangspunte: *Made for Goodness.* Hierin verklaar hy onder andere:

> God’s gaze is like the gaze between lovers wrapped in a tender embrace. God looks at us the way a mother looks lovingly at her newborn baby. If you can see the loving gaze between mother and child in your mind’s eye, you can begin a small meditation on being held in God’s loving gaze. Once you are able to fix the gaze in your mind, put yourself in the sight line of the one gazing. Allow yourself to be the subject of that long, loving look. In this way you can imagine, then experience, the loving gaze that God turns to us.

48 Dit sou interessante navorsing wees om na te gaan watter geslote vorme van ekklesiologie agter sulke “protesterende” preke skuilgaan, ’n ekklesiologie wat ’n “vyand” nodig het om te funksioneer en inderdaad te bestaan. In hierdie sin bedreig die vyand nie net nie, maar bevestig dit ook – ’n omgekeerde vorm van “affirmasie”! In sulke preke verword die evangelie dikwels tot ’n “anti-iets”: anti-humanis, anti-kommunis, anti-dobbel, anti-homoseksualiteit, ensovoorts. Gevolglik bestaan God in sulke preke by grasie van die vyand (die duiwel), en word die bose (die “anti”) ’n *wesenlike* deel van die prediking. Dit herinner veelmeer aan Zoroastrianism as Christendom.

49 Die belangrikste dimensie van Tutu se kommunikatiewe inhoude was altyd die “’centrality of love/compassion’ with its opposite ‘judgmental to listeners’”. Vgl HJC Pieterse; Fred Wester. “Communication Style” in *Desmond Tutu’s Message. A Qualitative Analysis.* Ed HJC Pieterse 1995. Kampen: Kok. 69.

50 Die doel van sy profetiese kommunikasie aan die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe was “to weave them into a united group, putting their trust and hope in God the Liberator …” Pieterse; Wester, “Communication Style”, 65-66.

> As we allow ourselves to accept God's acceptance, we can begin to accept our own goodness and beauty. With each glimpse of our own beauty we can begin to see the goodness and beauty in others.[51]

In uitsprake soos hierdie – "to accept God's acceptance" – word, na my mening, die *troos van die evangelie,* die "ja-segging" van God, protestaries ge-affirmeer!

## Prediking as sakramenteel-profetiese onderbreking

Bogenoemde bevestiging van menswees-voor-God impliseer uiteraard dat die spesifieke konteks van mense ernstig opgeneem word. Sakramenteel-profetiese prediking van hierdie aard soek dus voortdurend aansluitingspunte tussen God se affirmasie en mense se spesifieke toestande (bv. onsekerheid en angs).[52] Predikers kan inderdaad nie anders as om elke tydvak uiters ernstig op te neem nie. Ons het geen reg om vir mense te preek as ons hulle nie verstaan, of ten minste wil verstaan nie. Prediking as sakramenteel-profetiese affirmasie onderstreep God se teenwoordigheid in hierdie wêreld – tot die dood toe.[53] Dit het niks met kontekstual*isme* – 'n volledige, kritieklose eenwording met mense – te make nie, maar wel met die *kontingensie van God se handelinge:* God bly skeppend en herskeppend – sakramenteel – in die loop van die geskiedenis vir, by en in ons.

God se sakramentele teenwoordigheid is egter ook 'n struikelblok, 'n skandaal wat dwars staan op wat gangbaar is.[54] Prediking is gevolglik nie bloot die uitspreek van onbestrede, "common sense" algemeenhede nie; dit is eerder dikwels stryd,

51 Desmond Tutu and Mpho Tutu 2010. *Made for Goodness, and why it makes all the difference.* Cape Town: Random House Group. 221.

52 'n Gerespekteerde Ou Testamentikus soos Gerhard von Rad plaas byvoorbeeld groot klem op hierdie *kontekstuele aard* van profetiese prediking: "… it is all important not to read this message as if it consisted of timeless ideas, but to understand it as the particular word relevant to a particular hour in history, which therefore cannot be replaced by any other word. The prophetic word never tries to climb into the realm of general religious truth, but instead uses even the most suspect means to tie the listening partner down to his particular time and place in order to make him understand his own situation before God." Gerhard von Rad 1968. *The Message of the Prophets*. San Francisco: Harper Collins. 100. Allan Boesak, die bekende Suid-Afrikaanse bevrydingsteoloog en prediker se kort definisie van prediking lui: "Preaching is the proclamation of the gospel in a language that can be understood by persons in a specific situation …What is true for theology is true for preaching: it is situational." Allan Boesak 1979. *The Finger of God. Sermons on Faith and Responsibility.* Johannesburg: Ravan Press. 7.

53 Fil 2:6-8

54 Vgl 1 Kor 1:18-31


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

onderbreking, soms selfs skokkend en "dwaas" – vir baie. Die evangelie bevestig, maar onderbreek ook. Die Reformatore het byvoorbeeld die gangbare, kousale verstaan van vryheid in hulle tyd weerstaan, en op 'n radikaal ander vorm van vryheid gewys.[55] Dit herinner weer aan Tillich se omskrywing van profetiese protes, naamlik as verset teen elke menslike aanspraak – kerklik of sekulêr – op absolute waarheid en outoriteit. In hierdie sin het die Reformatore geprotesteer teen sogenaamde onverhandelbare aansprake van die kerk, maar ook politieke magte, en in die proses vryheid herinterpreteer as wesenlik vir die identiteit van die Christen. Vryheid was vir hulle nie net iets wat ons doen of wat aan ons deur menslike magte toegesê word nie, maar wie ons *is* – kragtens die toesegging van die evangelie. Hiervolgens moes Christene dus hulle *vryheid* behou om as *alternatiewe gemeenskap* te bestaan.[56]

"Onderbreking" is al die *kortste definisie van religie* genoem, 'n kategorie wat inderdaad die hartklop ook van die Christelike geloof uitmaak.[57] Hierdie konsep kan op ten minste drie vlakke verstaan word: eerstens, as die kulturele interrupsie van Christelike identiteit, met ander woorde as die feit dat Christelike tradisies voortdurend deur kultuur uitgedaag word (en gevolglik óf kan aanpas, óf kultuur kan opponeer, óf hulleself kan herkontekstualiseer in die lig van hierdie uitdagings); tweedens, as die onderbreking deur die sogenaamde "ander" – die gemarginaliseerdes, die magteloses, die weerloses – 'n onderbreking wat as sodanig die moontlikheid inhou om die bourgeoisie van ons "geslote narratiewe" te bevraagteken of te konfronteer; en derdens, as 'n *teologiese verstaan van onderbreking* as 'n ingrepe van God om ons geslote narratiewe te deurbreek en te verruim – as 't ware ons kaarte te kom omkrap.

Prediking as sakramenteel-profetiese onderbreking het die potensiaal om hierdie ingrepe van God te dien; om ons uit ons geslote narratiewe en geslote ruimtes te

55 Vir 'n uitgebreide uiteensetting van kousale denke tydens die Middeleeue, vgl Daniël Louw, Pastoral anthropology beyond the paradigm of medieval thinking: From *cura animarum* (the anthropology of substantial thinking and *nous*) to *cura vitae* (the anthropology of systems thinking and *phronesis*), *Scriptura,* 2010/ 104, 352-366.

56 Walter Brueggemann sluit hierby aan en definieër profetiese prediking as volg: "Thus I contend that prophetic ministry has to do not primarily with addressing specific public crises but with addressing, in season and out of season, the dominant crisis that is enduring and resilient, of having our alternative vocation (as Christians) co-opted and domesticated." Walter Brueggemann 1978. *Prophetic Imagination*. Philadelphia: Fortress Press. 13.

57 Vgl Lieven Boeve, "The shortest definition of religion", 1, 2, and 3, in *The Pastoral Review,* 2012, Volume 5/3 & 4 & 5, resp, ble 4-9;4-9; en 18-25.

haal, en in relasie te plaas met die "ander" én die "Ander". Hierdie kortste definisie van religie – onderbreking – is moontlik ook die kortste definisie van prediking!

Desmond Tutu was 'n meester in sakramenteel-profetiese onderbreking. Hy het van 'n verskeidenheid van retoriese strategieë gebruik gemaak om die *logika van die status quo* te onderbreek, en op alternatiewe te wys.[58] Humor en ironie was byvoorbeeld deel van sy homiletiese "metode". Toe dr Piet Koornhof[59] tydens 'n oorsese besoek plegtig verklaar het: "Apartheid is dead," het Tutu geantwoord: "Apartheid, we were told by Dr Koornhof, is dead. Sadly we have not been invited to the funeral nor have we seen the corpse."[60]

Tutu begin een van sy merkwaardige preke as volg:

> A drunk, so the story goes, crossed the street to accost a perplexed pedestrian and asked, "I shay, which is the other shide of the street?" Nonplussed the pedestrian replied, "That side of course!" "Shtrange," said the drunk, "when I wash that shide, they shaid it was thish shide."[61]

In werklikheid vra Tutu hiermee: "Wanneer is hierdie kant die ander kant?" Alle "kante" word deur hierdie vraag gerelativeer. Tutu se opmerking mag dalk soos 'n oppervlakkige grappie klink, maar die idee van "kante" was, en is helaas nog steeds, 'n pynlike realiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die era van apartheid sou trouens toegeskryf kon word aan 'n fiksasie op "kante". Tutu se relativerende humor deurbreek hierdie patologie van "kant kies".

Prediking soos hierdie interrupteer – ten einde te reformeer.

## Prediking as sakramenteel-profetiese pro-formasie

Soos reeds vermeld, was die Reformatore vas oortuig van die moontlikheid van verandering, deur die Woord van die evangelie. Hierdie verandering het egter meer as net 'n restourasie van die oue behels, maar is verstaan as 'n wesenlike transformasie tot iets nuuts en eiesoortig. Dit is interessant om daarop te let dat iemand soos Jürgen Moltmann van mening was dat die voorvoegsel "re" (in Afrikaans ook "her")

58 Byvoorbeeld metafoor, ironie, parodie, indirekte retoriek, ens.. Vgl Charles Campbell and Johan Cilliers. *Preaching Fools. The Gospel as a Rhetoric of Folly*. Baylor University Press: Waco, Texas. 181ev.

59 'n Prominente figuur in die regerende Nasionale Party gedurende die apartheid era.

60 Desmond Tutu 1983. *Hope and Suffering: Sermons and Speeches*. Johannesburg: Scotaville. 81.

61 Tutu, *Hope and Suffering,* 111.


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

ironiese, selfs negatiewe konnotasies kon hê. Volgens hom openbaar bewegings soos die *re*formasie en die *re*naissance, en selfs konsepte soos *re*volusie, *re*stourasie, *her*lewing, *her*nuwing, ensovoorts, almal ’n tipe verlange na ’n (goue) verlede, wat by implikasie ’n sikliese verstaan van die geskiedenis veronderstel. Dit verteenwoordig verandering terwyl jy “agteruit droom”. Hy verkies eerder om te praat van ’n volledig nuwe realiteit (*novum*), in plaas van die oue (*re,* of *her*).[62]

Alhoewel enige “lewende tradisie” altyd historiese wortels sal hê, en nooit aan historiese amnesie mag ly nie, roep dit tog die vraag na vore of ’n mens nie eerder moet praat van *pro-formasie* nie? Hiermee word bedoel dat ’n lewende tradisie ’n soort ingeboude kritiek teen sy eie verstaan van identiteit moet behou – inderdaad soos een van die belydenisse van die Reformasie lui: *ecclesia reformata semper reformanda.* Dit beteken om te appelleer óp tradisie téén tradisie, “to appeal to our deepest identity in order to critique our actual identity.”[63]

As predikers van die evangelie gaan ons immers uit van die veronderstelling dat die werklikheid on-af is, onvoltooid, “open-ended”. Hierdie veronderstelling rus op die geloof in die opstanding van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Die geskiedenis en die werklikheid is nié bloot ’n nimmereindigende mimiek van ’n spieël-in-’n-spieël nie. Ons dwaal nie rond in ’n labirint van ewige onoorspronklikhede nie. *Prediking is ’n hoopvolle handeling, wat vóóruit skep, pro-formatief.* In hierdie sin is die prediking ’n *sakramenteel-profetiese pro-formasie,* ’n handeling wat voortdurend

---

62 Jürgen Moltmann 1969. *Geloof in de toekomst*. Utrecht: Ambo. 32–33. Moltmann beskryf die novum as volg: “De ‘toekomst’ moet gedact worden als bestaanswijze van God bij ons en met ons. Deze toekomst van zijn heerliijkheid en van zijn heerschappij is niet iets dat volledigheidshalve nog aan zijn eeuwigheid moet worden toegevoegd … Tussen het geloof in de ‘God boven ons’ en het geloof in de ‘God binnen ons’ komt dus als derde mogelijkheid de ‘God vóór ons’, ‘de God die voor ons uitgaat’, ‘de God van de hoop en van de Uittocht’ … In de spanning tussen de ervaring van Gods aanwezigheid en van Gods afwezigheid zoeken wij naar Gods toekomst, want die alleen kan die spanning opheffen. ‘Toekomst’ is niet een toestand eindeloos ver weg, maar een kracht die werkzaam is in het heden, in belofte en in hoop, in het vrijmaken en scheppen van nieuwe mogelijkheden. Als macht van de toekomst werkt God op het heden in.” (Moltmann, *1969:*177-178).

63 Smit, D J, “Views on Calvin’s ethics from a South African perspective”, 31. Smit wys daarop hoedat verskeie prominente Suid-Afrikaanse teoloë en predikers inderdaad volgens hierdie beginsel tydends die era van apartheid opgetree het, bv. Allan Boesak, Lekula Ntoane, Russel Botman, Beyers Naudé, David Bosch en John de Gruchy.

affirmatief, maar ook interruptief met die werklikheid (en dus ook ons verstaan van ons eie identiteit), bly worstel – in die hoop op die finale transformasie.[64]

Kom ons luister in hierdie verband nóg ’n keer na Desmond Tutu. Terwyl hy by ’n ry kiste langs ’n massagraf tydens die donkerste dae van apartheid staan, roep hy uit – vir die ore van die magtige heersers van daardie tyd om te hoor: “Come, before it’s too late, join the winning side!”[65] Of by die begrafnis van Steve Biko[66] – wat gelyk het na die doodslag vir die bevrydingsbeweging – waar Tutu vreesloos verklaar:

> There is no doubt whatsoever that freedom is coming. (Yes, it may be a costly struggle still, but we are experiencing today the birth pangs of a new South Africa.) The darkest hour, they say, is before the dawn. We are experiencing the birth pangs of a new South Africa, a free South Africa, where all of us, Black and White together, will walk tall, where all of us, Black and White together, will hold hands as we stride forth on the Freedom March to usher in the new South Africa where people will matter because they are human beings made in the image of God. We thank and praise God for giving us such a magnificent gift in Steve Biko and for his sake and for the sake of ourselves, Black and White together, for the sake of our children, Black and White together, let us dedicate ourselves anew to the struggle for the liberation of our beloved land, South Africa. Let us all, Black and White together, not be filled with despondency and despair. Let us Blacks not be filled with hatred and bitterness. For all of us, Black and White together, shall overcome, nay, indeed have already overcome.[67]

Met sy retoriese herhaling van “Black and White together,” uitgespreek in ’n tyd waarin die teendeel juis aan die orde van die dag was, oorskry Tutu rigiede, vyandige grense op só ’n manier dat hy sy hoorders vorentoe neem, die toekoms in

64 Leonora Tubbs Tisdale is van mening dat *hoopvolle verandering* inderdaad die sentrale dimensie van profetiese prediking is, en onderskei sewe kenmerke: “Prophetic preaching is rooted in the biblical witness, countercultural and challenges the status quo, concerned with the evils and shortcomings of the present social order, offers hope of a new day to come and the promise of liberation to God’s oppressed people, incites courage in its hearers and empowers them to work to change the social order, a passion for justice in the world …” Tisdale, LT 2010. *Prophetic Preaching: A Pastoral Approach.* Westminster John Knox Press. 9-10.

65 Soos aangehaal in ’n preek deur Peter Storey, Goodson Chapel, Duke Divinity School, November 2, 2010.

66 Die begrafnis het in September 1977 plaasgevind, in King William’s Town, Suid-Afrika.

67 Tutu, *Hope and Suffering,* 15.


2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

– ’n toekoms wat egter alreeds as *novum* aangebreek het: swart en wit, saam, “have already overcome.” Dít is pro-formatiewe prediking, by uitstek.

## 4. ALLE KAARTE OP DIE PREEK?

Uiteraard sal en moet sakramenteel-profetiese prediking verskillende vorme in verskillende tye en in verskillende kulture aanneem. Ons kan en moet nie meer preek soos die Reformatore nie; ons kan en moet hulle nie histories probeer dupliseer nie. Ons moet voordurend ons tradisie bevraagteken, want dis wat ons tradisie van ons vra. Maar dis juis met hierdie appèl op ons tradisie, téén ons tradisie waarmee beklemtoninge soos bogenoemde – affirmasie, interrupsie, pro-formasie – ons na my mening ’n ent weg kan help, ook met die voortdurende reformasie van ons prediking (*praedicatio semper reformanda*).[68]

Uit navorsing wat in Suid-Afrika en Nederland gedoen is, blyk dit dat die preek nog steeds vir baie kerkgangers van waarde is.[69] In navolging van Luther glo ek steeds dat prediking die hart van die kerk (*cor ecclesia*) uitmaak. Uit hierdie hartklop kan ons veel omtrent die gesondheid van die kerk te wete kom - só prediking, só kerk; só kerk, só prediking. Prediking is na my mening ’n *gekondenseerde vorm van hoop,* ’n konstituering van wat alreeds gekonstitueer is, ’n uitdrukking van vertroue in ’n God wat sakramenteel – vertroostend, bevrydend, transformerend – in hierdie wêreld werksaam is.[70]

Daarmee word nie gesê dat die prediking die *enigste medium* is waardeur God op hierdie wyse in die wêreld is of teenwoordig gestel word nie. Die gees van die Reformasie sou ook saamgevat kon word in die geloof in die “lewende stem van die evangelie” (*viva vox evangelii*).[71] Hierdie stem oorskry enige en alle media. Die prediking is nie die enigste verklanking (of verbeelding) van die evangelie nie, en kan dit ook nie wees nie, trouens, Luther het dikwels van die meervoudige gestaltes van die prediking gepraat, en onder andere verwys na die betekenis van die sakramente

68 Vgl Alexander Deeg, Sprachwelten im Wechselspiel. Evangelische Predigt als praedicatio semper reformanda. In *Evangelische Predigtkultur. Zur Erneuerung der Kanzelrede*. 2011. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt. 25 ev.

69 Vgl Malan Nel 2001. *Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid in die prediking*. Bloemfontein: CLEV. 5 ev; en Ciska Stark 2005. *Proeven van de Preek. Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God.* Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum. 244 ev.

70 Vgl Johan Cilliers 2004. *Die lewende stem van die evangelie. Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking.* Stellenbosch: Sun Press. 19-20.

71 Vgl Cilliers, *Die lewende stem van die evangelie,* 18-19.

in hierdie verband, maar ook spesifiek na die rol van *kommunale vertroosting* as uitdrukking van die lewende stem van die evangelie.[72] Hier, binne die kommunale vertroosting van en deur die gemeente, word die lewende stem van die evangelie beliggaam – uiteraard deur die prediking, maar ook deur *ander gestaltes van die ontmoetingsgebeure tussen God en mens.*[73] Die lewende stem van die evangelie word nie net *vokaal-kommunikatief* gehóór nie, maar ook *kommunaal-kommunikatief beliggaam en beleef;* dit het ook ’n *korporatiewe vergestalting.*

Die Reformatore het geglo dat prediking van die Woord van God die Woord van God ís (*praedicatio verbi dei est verbum dei*), maar dit nooit verstaan as ’n magiese of werktuiglike gebeure nie.[74] Die lewende stem van die evangelie is vry, onbeperk, nie-inperkbaar, nie-kontroleerbaar. Daarom is dit juis *lewend.*

Die Reformatore het in die prediking geglo, maar nie nét gepreek nie. Luther het byvoorbeeld ruim gebruik gemaak van die ander kommunikasie-media van sy dag, die nuwe tegnologie van die druk-kuns – vrug van die Gutenberg era – en dit as ’n gawe van God gesien. Hy was oortuig daarvan dat die lewende stem van die evangelie ook deur hierdie media gehoor sou kon word; trouens, nie net gehoor nie, maar ook gesien – deur middel van beelde, sketse, selfs spotprente.[75] Inderdaad: die lewende stem van die evangelie neem baie gestaltes aan, ook vandag, dikwels op verrassende wyses.[76]

---

72 *Per mutuum colloquium et consolationem fratrum;* vgl Ruth Conrad, Martin Weeber (Hg.) 2012. *Protestantische Predigtlehre. Einne Darstellung in Quellen*. Tübingen: Mohr Siebeck. 44.

73 ND Mitchell wys daarop dat die nagmaal byvoorbeeld selfs vir sogenaamde postmoderne mense, met hulle fundamentele wantroue in enigiets wat ook maar vaagweg aan metafisika herinner, ’n ikoniese uitdrukking bied in die soeke na betekenis, ook in religieuse terme. Postmoderne konsepte soos teenwoordigheid en afwesigheid verkry volgens hom juis ’n dieper betekenis in die nagmaal, aangesien ons hier geïnkorporeer word in die spanningsveld van geloof in ’n teenwoordige, afwesige God, of meer tradisioneel gesê: van die alreeds en die nog-nie. ND Mitchell, “Mystery and Manners: Eucharist in Post-Modern Theology”. *Worship Volume 79/ 2* (2005), 130-151.

74 Vgl J Mark Beach, The Real Presence of Christ in the Preaching of the Gospel: Luther and Calvin on the Nature of Preaching, *Mid-America Journal of Theology,* 10 (1999), 77-134.

75 Vgl Lindberg, *The European Reformations,* 36-37; ook Steven Ozment 1980. *The Age of Reform 1250-1550.* New Haven: Yale University Press. 199.

76 “Dazu gehört es m. E. auch wahrzunehmen, wie gegenwärtig, wie present, wie spannend und wie herausfordernd die Botschaft der Bibel ist. Wer mit offenen Augen durch die Welt geht, begegnet ihr auf Schritt und Tritt: in der Werbung, in der Lyrik, in der Musik, in der Malerei, in Zeitungen, im Film.” Deeg, *Sprachwelten im Wechselspiel,* 27.

 2014 © PIETER DE WAAL NEETHLING TRUST

Kortom: die lewende stem van die evangelie is groter as ons stemme, woorde – en, genadiglik, ook ons preke. Dit word gehoor deur die werking van die Gees, uit genade. En laasgenoemde hét ons nooit nie – dit word telkens aan ons gegéé. Martin Luther - die "Joker" waarmee God die kaarte van die kerk kom omkrap het – in op 'n stadium sy lewe in oënskou geneem, en toe die volgende vir sy landgenote te sê gehad:

> God se Woord en genade is 'n stortreën wat verbybeweeg, wat nie weer kom waar dit eenmaal was nie. Dit was by die Jode gewees, maar dit is heen, hulle het nou niks. Paulus het dit na Griekeland gebring; weg is dit ook hier – die heidene het dit nou. Die Romeinse en Latynse land het dit ook gehad, maar dis nie meer daar nie – die pous het dit nou. En julle Duitsers durf nie dink dat julle dit ewig sal hê nie, want julle ondankbaarheid en veragting sal dit nie hier laat bly nie. Daarom gryp dit en hou dit vas, die wat kan gryp en vashou … Daarom bid ek ook om 'n genadige uurtjie en begeer ek eintlik niks meer nie.[77]

Alle kaarte op die preek?

Alle kaarte op die *evangelie* – wat óns kaarte (telkens) kom omkrap.

Uit genade.

77 Vry vertaal uit Luther, *Weimarer Ausgabe*, 9/ 32f.